

REPUBLIEK
VAN
SUID-AFRIKA



REPUBLIC
OF
SOUTH AFRICA

Staatskoerant Government Gazette

Regulasiekoerant

No. 5393

Regulation Gazette

Vol. 351

PRETORIA, 14 SEPTEMBER 1994

No. 15976

GOEWERMENTSKENNISGEWING

SUID-AFRIKAANSE RESERWE BANK

No. R. 1583

14 September 1994

BANKWET, 1990
(WET NO. 94 VAN 1990)

AANWYSING VAN EFFEKTEMAKELAARS AS AGENTE WAT GEMAGTIG IS OM FONDSE TE VERPOEL VIR DOELEINDES VAN DIE BEWERKSTELLING VAN GELDLNINGSTRANSAKSIES

Kragtens subparagraaf (ii) van die voorwaarde tot paragraaf (ff) van die woordskrywing van "die bedryf van 'n bank" in artikel 1 van die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990), wys ek, Christo Floris Wiese, Adjunkregistrator van Banke, hiermee enige effektemakelaar, soos omskryf in paragraaf 1 van die Bylae, aan as 'n agent wat, vir doeleindes van die bewerkstelling van 'n geldleningstransaksie tussen 'n uitlener en 'n bank as lener en onderhewig aan die voorwaardes wat in paragraaf 2 van die Bylae uiteengesit word, fondse wat deur 'n uitlener aan sodanige agent toevertrou is, mag verpoel met fondse wat deur ander uitleners aan sodanige agent toevertrou is.

C.F. WIESE,
Adjunkregistrator van Banke

BYLAE

Woordskrywing

1. In hierdie Bylae beteken "die Wet" die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990), en, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg is daardie betekenis en -

"**bank**" sluit in 'n onderlinge bank soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Onderlinge Banke, 1993 (Wet No. 124 van 1993);

"**effektebeurslisensie**" beteken 'n lisensie wat kragtens artikel 9 van die Wet op Beheer van Effektebeurse uitgereik is;

"**effektemakelaar**" beteken 'n persoon wat 'n lid van die Johannesburgse Effektebeurs is en wat kragtens die JE-reëls gemagtig is om die bedryf van die koop en verkoop van effekte te onderneem ten behoeve van ander persone of vir sy eie rekening, of ten behoeve van ander persone en vir sy eie rekening;

"**geldmakelarytransaksie**" beteken 'n transaksie vir die bewerkstelling, onderhewig aan die bepalings van die Wet en enige ander Wet van die Parlement, van 'n geldleningstransaksie tussen 'n uitlener en 'n bank as lener deur bemiddeling van 'n effektemakelaar wat nie as 'n prinsipaal by die transaksie mag optree nie en vir doeleindes van welke transaksie die fondse wat ingevolge die geldleningstransaksie uitgeleen staan te word deur die uitlener aan die effektemakelaar toevertrou word onderhewig aan 'n skriftelike agentskapskontrak wat wesenlik ten minste die inhoud van die Aanhangsel by hierdie Kennisgewing moet bevat, en in die vorm daarvan moet wees;

"**JE**" beteken die Johannesburgse Effektebeurs soos hierin omskryf;

"**JE-reëls**" beteken reëls van die Johannesburgse Effektebeurs gemaak kragtens artikel 12 van die Wet op Beheer van Effektebeurse;

"**Johannesburgse Effektebeurs**" beteken die instelling, met persele in die stad Johannesburg, wat die bedryf van 'n effektebeurs onderneem, onder daardie naam, kragtens 'n effektebeurslisensie toegestaan kragtens die Wet op Beheer van Effektebeurse;

"**komitee**", met betrekking tot die Johannesburgse Effektebeurs, beteken die komitee wat ingevolge die reëls van die Johannesburgse Effektebeurs verkies is;

"**die Regulasies**" beteken die Regulasies aangaande Banke soos afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R.2509 van 28 Desember 1993 en van tyd tot tyd gewysig;

"**vaste deposito**" beteken 'n nie-verhandelbare deposito by 'n instelling, gemaak vir 'n bepaalde tydperk en teen 'n bepaalde rentekoers;

"**Wet op Beheer van Effektebeurse**" beteken die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985 (Wet No. 1 van 1985).

Voorwaardes

2. Die opneem en verpoeling van fondse deur effektemakelaars ingevolge hierdie Kennisgewing is aan die volgende voorwaardes onderhewig :
 - (1) Geen effektemakelaar sal 'n geldmakelarytransaksie aangaan sonder die vooraf verkreë magtiging van die komitee van die JE, welke magtiging -
 - (a) op 'n jaarlikse grondslag verleen sal word, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat voormelde komitee van tyd tot tyd mag bepaal; en
 - (b) te eniger tyd deur voormelde komitee hersien, gewysig of ingetrek kan word.
 - (2) 'n Effektemakelaar aan wie magtiging soos bedoel in subparagraaf (1) toegestaan is, moet te alle tye die JE-reëls, JE-voorskrifte en die besluite van die komitee van die JE, soos van tyd tot tyd vervang of gewysig, nakom in soverre sodanige reëls, voorskrifte en besluite nie met die bepalings van hierdie Kennisgewing of met dié van die Wet teenstrydig is nie.
 - (3) Geld vir doeleindes van 'n geldmakelarytransaksie mag deur 'n effektemakelaar opgeneem word slegs -
 - (a) nadat die agentskapskontrak, waarna in die woordoms krywing van "geldmakelarytransaksie" in paragraaf 1 verwys word, tussen die uitlener van die geld en die effektemakelaar deur albei partye tot die kontrak onderteken is; of
 - (b) in die geval waar die transaksie deur middel van faksimilee onderneem word, nadat 'n faksimileekopie van die oorspronklike agentskapskontrak, behoorlik deur die uitlener onderteken, deur die effektemakelaar onderteken is : Met dien verstande dat die oorspronklike agentskapskontrak, behoorlik deur die uitlener onderteken, aan die effektemakelaar verskaf moet word, en behoorlik deur hom onderteken moet word, binne 21 dae na opneem van die geld soos in hierdie subparagraaf bedoel.
 - (4) Die getekende oorspronklike agentskapskontrak moet deur die effektemakelaar gehou word, en 'n getekende afskrif daarvan moet aan die uitlener bestel word.
 - (5) In die geval waar die betrokke effektemakelaar -
 - (a) 'n natuurlike persoon is, moet die agentskapskontrak deur sodanige natuurlike persoon onderteken word;

- (b) 'n natuurlike persoon in vennootskap met een of meer ander effektemakelaars is, moet die agentskapskontrak deur 'n vennoot van sodanige vennootskap onderteken word;
- (c) 'n maatskappy is, moet die agentskapskontrak deur 'n direkteur van sodanige maatskappy onderteken word,

en die naam van die persoon(persone) wat gemagtig is om van tyd tot tyd sodanige agentskapskontrakte te onderteken, moet aan die Direkteur Toesig van die JE meegedeel word.

- (6) 'n Effektemakelaar wat geldmakelarytransaksies onderneem, moet -
 - (a) fondse wat ingevolge hierdie Kennisgewing verpoel is in of 'n daggeld- of 'n vaste depositorekening by 'n bank deponeer;
 - (b) 'n aparte bankrekening vir alle en uitsluitlik vir geldmakelarytransaksies bedryf, welke rekening -
 - (i) daaglik met bankstate gerekonsilieer moet word;
 - (ii) daaglik op nul gebring moet word, dit wil sê, oorskotfondse moet outomaties aan die einde van die dag na 'n uitlener-daggeldrekening oorgeplaas word;
 - (c) maandeliks aan uitleners 'n staat bestel wat op die "Broker Deal Accounting"-stelsel (hierna die BDA-stelsel genoem) geproduseer is en wat ten opsigte van die vorige maand die volgende weergee -
 - (i) bedrae belê en onttrek;
 - (ii) die datums en termyne van beleggings, met inbegrip van rentekoerse en betalingsbesonderhede;
 - (iii) die naam van die bank waarmee die geldleningstransaksie aangegaan is;
 - (iv) die aard van enige bates wat namens die uitlener in veilige bewaring gehou word en die plek waar die bates gehou word; en
 - (v) 'n verklaring ten effekte dat billike en redelike vergoeding gehef is, of andersins die werklike vergoeding wat deur die agent van die

uitlener gehef is, uitgedruk òf -

(aa) as die werklike randbedrag; òf

(bb) as 'n persentasie;

(d) nieteenstaande die bepalings van subparagraaf (6)(c), in daardie gevalle waar -

(i) die rekening by 'n bank in die naam van die uitlener geopen word; en

(ii) die bank maandeliks terugwerkend rekenings direk aan die uitlener versend en sodanige rekening, *mutatis mutandis*, die besonderhede bepaal in subparagraaf (6)(c)(i), (ii), (iii) en (iv) weergee; en

(iii) die kapitaal van die uitlener se geldleningstransaksie gedurende die vorige maand by dieselfde bank gehou is,

hoef die BDA-stelselstaat waarna in subparagraaf (6)(c) verwys word slegs die volgende weer te gee -

(aa) die uitlener se sluitingsaldo by die bank soos op die datum van daardie staat;

(bb) 'n verklaring ten effekte dat die belegging vir die duur van daardie maand by die bank gehou is;

(cc) 'n verklaring dat die inligting wat kragtens subparagraaf (6)(c)(i), (ii), (iii) and (iv) vereis word deur die bank direk aan die uitlener gestuur sal word; en

(dd) die inligting vereis in subparagraaf (6)(c)(v).

(7) 'n Effektemakelaar wat geldmakelarytransaksies onderneem, moet die Direkteur Toesig van die JE voorsien van -

(a) 'n lys van uitlenerkodes en van enige veranderings aan sodanige lys;

(b) 'n daaglikse verslag wat uitlenertoewysings met banksaldo's laat klop en 'n verslag van teruggedateerde toewysings; en

- (c) in die geval van die likwidasië van 'n bank of waar 'n bank onder kuratele geplaas is, 'n lys van uitlenerdeposito's by sodanige bank sodra kennisgewing van die likwidasië of kuratele ontvang word.
- (8) 'n Effektemakelaar wat geldmakelarytransaksies onderneem, moet -
- (a) in die geval waar 'n makelaarsfirma 'n onafhanklike rekenaarstelsel gebruik, op 'n daaglikse grondslag besonderhede van rekonsiliasies van ongepaarde en ongeïdentifiseerde deposito's en/of toewysings aan die BDA-stelsel rapporteer;
- (b) 'n uitlener nie toelaat om 'n vaste deposito vroegtydig sonder die skriftelike toestemming van die bank waarby 'n deposito geplaas is, te onttrek nie en mag nie een uitlener se vaste deposito met dié van 'n ander vervang ten einde vroeë aflossing te vergemaklik nie;
- (c) die termyn van die deposito by die bank met die termyn wat aan die uitlener verleen is, laat strook;
- (d) verseker dat alle transaksies ten behoewe van uitleners, met inbegrip van die latere beweging van deposito's tussen banke, skriftelik, deur òf die bank òf die effektemakelaar, direk aan sodanige uitlener bevestig word tensy die effektemakelaar in die agentskapskontrak waarna in die woordomskrywing van "geldmakelarytransaksie" in paragraaf 1 verwys word, opdrag gegee is om dit nie te doen nie;
- (e) verseker dat alle transaksies met 'n bank deur die effektemakelaar aan die bank bevestig word, in welke bevestiging gespesifiseer moet word dat die effektemakelaar as agent ten behoewe van die uitlener optree;
- (f) 'n register, in 'n vorm soos deur die komitee voorgeskryf, hou van alle agentskapskontrakte deur hom ingevolge die bepalings van hierdie Bylae aangegaan;
- (g) bates, wat depositosertifikate, kwitansies en ander titeldokumente toegewys aan en geïdentifiseer as synde die besit van 'n uitlener insluit, deponeer in 'n veilige bewaringsrekening by 'n bank ooreenkomstig die bepalings van die JE-reëlnommers 5.260, 5.270.4, 5.270.8 and 5.270.9 *mutatis mutandis* in die geval van bates wat nie effekte is nie;
- (h) 'n veilige bewaringsgrootboek in stand hou van die bates wat van tyd tot tyd ingevolge item (g) hierbo gehou word, in welke grootboek volledige

besonderhede van enige verandering in die bates wat ten behoeve van 'n uitlener gehou word onverwyld te boek gestel moet word;

- (i) maandeliks die bates met die veilige bewaringsgrootboek en die rekords van die bank balanseer en, as bewys dat die bates aldus gebalanseer is, die Direkteur Toesig van die JE van 'n behoorlik getekende sertifikaat te dien effekte voorsien, welke sertifikaat teen die laaste werksdag van die week wat volg op die BDA-maandeinde waarop die sertifikaat betrekking het by die komitee ingedien moet word.
- (9) Die sertifikaat waarna in subparagraaf (8)(i) verwys word, moet onderteken word, in die geval waar die effektemakelaar -
- (a) 'n natuurlike persoon is, deur daardie persoon en deur 'n senior beampte van daardie persoon;
 - (b) 'n natuurlike persoon in vennootskap met een of meer ander effektemakelaars is, deur enige twee vennote of deur enige vennoot en deur 'n senior beampte van sodanige vennootskap;
 - (c) 'n maatskappy is, deur enige twee persone of deur enige direkteur en deur 'n senior beampte van sodanige maatskappy :

Met dien verstande dat, nieteenstaande die bepalings van hierdie subparagraaf, die sertifikaat deur sodanige ander persone as wat die komitee op 'n jaarlikse grondslag mag goedkeur, onderteken mag word.

- (10) Elke tjek of elektroniese fondsoorplasing wat uit 'n geldmakelarytransaksie voortspruit, enige briewe vanaf die effektemakelaar aan banke wat bewegings van deposito's tussen banke bevestig en enige versoeke vir die onttrekking van gelde uit 'n bank moet deur die effektemakelaar onderteken word.
- (11) Die bepalings van subparagraaf (9) sal *mutatis mutandis* ten opsigte van die magtiging om dokumente ter nakoming van die bepalings van subparagraaf (10) te onderteken van toepassing wees.
- (12) 'n Effektemakelaar wat sy geldmakelarytransaksies deur middel van 'n onafhanklike rekenaarstelsel te boek stel, moet verseker -
- (a) dat die hele stelsel ten minste een keer daaglik gerugsteun word;
 - (b) dat rugsteundiskette veilig by 'n ander perseel bewaar word.

VORM VAN AGENTSKAPSOORENKOMS MET BETREKKING TOT 'N GELDMAKELARYTRANSAKSIE

wat die minimum vereistes bevat van die komitee en die Bankwet, 1990, soos gewysig, waarby bykomende voorwaardes soos tussen die uitlener en die makelaarsfirma ooreengekom, gevoeg kan word mits sulke bykomende voorwaardes nie aan vermelde minimum vereistes afbreuk doen nie

tussen

.....
("Uitlener")

en

.....
("Agent")

Woordomskrywing

In hierdie ooreenkoms: -

- 1.1 sluit woorde wat een geslag veronderstel die ander geslag in;
- 1.2 sluit die enkelvoud die meervoud in en andersom;
- 1.3 beteken "agent" 'n effektemakelaar wat geldmakelarytransaksies kontrakteer;
- 1.4 beteken "bank" -
 - (a) enige instelling wat kragtens die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990 - hierna "die Bankwet" genoem) geregistreer is; of
 - (b) enige onderlinge bank wat kragtens die Wet op Onderlinge Banke, 1993 (Wet No. 124 van 1993), geregistreer is;
- 1.5 beteken "komitee", met betrekking tot die Johannesburgse Effektebeurs, die komitee wat ingevolge die reëls van die Johannesburgse Effektebeurs verkies is;
- 1.6 beteken "geldmakelarytransaksie" die bewerkstelling, onderhewig aan die bepalings van paragraaf (ff) van die woordomskrywing van "die bedryf van 'n bank" in artikel 1 van die Bankwet, van 'n geldleningstransaksie direk tussen 'n uitlener en 'n bank as lener-
 - (a) deur die bemiddeling van 'n effektemakelaar wat nie as prinsipaal by die transaksie optree nie;
 - (b) waar die fondse wat ingevolge die geldleningstransaksie uitgeleen staan te word deur die Uitlener aan die effektemakelaar toevertrou word onderhewig aan 'n skriftelike agentskapskontrak wat wesenlik ten minste die inhoud van hierdie Ooreenkoms moet bevat, en in die vorm daarvan moet wees;

- (c) die latere verpoeling van die fondse wat deur sodanige uitlener aan sodanige effektemakelaar toevertrou is met fondse wat aan sodanige effektemakelaar deur ander uitleners toevertrou is; en
 - (d) die deponering van sodanige verpoelde fondse in of 'n daggeld- of 'n vaste depositorekening by 'n bank;
 - (e) ooreenkomstig, en onderhewig aan, bepalings by wyse van Kennisgewing in die *Staatskoerant* afgekondig;
- 1.7 tensy uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukkings wat in die Wet op die Beheer van Effektebeurse, 1985 ("die Wet"), soos gewysig, die Reëls ("Reëls") van die Johannesburgse Effektebeurs ("JE") en die Bankwet omskryf is die betekenis wat daarin aan hulle toegeskryf is, en verwante uitdrukkings moet dienooreenkomstig vertolk word.

Aanstelling van Agent

Die Uitlener stel hiermee die Agent aan as die Uitlener se agent met die volmag om ten behoeve van die Uitlener geldmakelarytransaksies aan te gaan.

Erkennings en Ondernemings deur die Agent

3.1 Die Agent erken dat:

- 3.1.1 hierdie kontrak te eniger tyd beëindig mag word by kantoorsluiting op die dag van ontvangs van 'n kennisgewing wat deur die Uitlener aan die Agent bestel of deur die Agent aan die Uitlener bestel is, en die Agent moet onverwyld alle banke waarmee die Agent ten behoeve van die Uitlener kontrakte aangegaan het, mededeel welke kontrakte nog uitstaande is;
- 3.1.2 hierdie kontrak word *ipso facto* in enige van die volgende gevalle beëindig:
 - 3.1.2.1 by die dood van die Uitlener of die Agent;
 - 3.1.2.2 by die sekwestrasie, voorlopig of finaal, van die boedel van die Agent indien 'n natuurlike persoon of 'n vennootskap van natuurlike persone;
 - 3.1.2.3 by die ontbinding, om ander redes, van 'n vennootskap wat die Agent is met dien verstande dat indien, na ontbinding, die besigheid van die Agent voortgesit word deur 'n nuwe vennootskap bestaande uit *inter alia* nie minder as 50 persent van die vennote van die ontbinde vennootskap, hierdie subklousule nie van toepassing sal wees nie;

- 3.1.2.4 in die geval waar die agent 'n korporasie is, met die toestaan van 'n voorlopige of finale bevel van likwidasie van die korporasie;
- 3.1.2.5 indien die Agent ingevolge die bepalings van Artikel 8 van die Reëls 'n wanbetaler word.
- 3.2 In die geval waar die kontrak beëindig word om enige van die redes wat in 3.1.1 of 3.1.2 (buiten by die dood van die Uitlener) uiteengesit is, is die komitee daarop geregtig om ten aansien van die geldmakelarytransaksie wat deur die Agent bewerkstellig en steeds uitstaande is sodanige bepalings van die Reëls as wat die komitee redelik of wenslik mag ag, streng tot die geldmakelarytransaksies van die Agent beperk, toe te pas.
- 3.3 Die Agent onderneem:
- 3.3.1 om te all tye met uiterste goeder trou teenoor die Uitlener op te tree.
- 3.3.2 maandeliks, terugwerkend, aan die Uitlener 'n staat te bestel of te laat bestel wat, ten opsigte van die vorige maand, die volgende weergee:
- 3.3.2.1 bedrae belê en onttrek;
- 3.3.2.2 die datums en termyne van beleggings, met inbegrip van rentekoerse en betalingsbesonderhede;
- 3.3.2.3 die naam van die bank waarmee die geldleningstransaksie aangegaan is;
- 3.3.2.4 die aard van enige bates wat namens die Uitlener in veilige bewaring gehou word en die plek waar die bates gehou word; en
- 3.3.2.5** die vergoeding wat deur die Agent van die Uitlener gehef is, in vorm van òf die werklike randbedrag òf die persentasie;
- of
- dat billike en redelike vergoeding gehef is;
- 3.3.3 om, in 'n daggeldrekening by 'n bank, enige gelde van die Uitlener wat deur die Agent gehou word en nie ingevolge hiervan ten tye van kantoorsluiting van die Agent se bank vir die Uitlener verbind is nie, te deponeer.

** Die vorm van die agentskapsooreenkoms wat die Agent besluit om aan die Uitlener voor te lê, behoort slegs daardie weergawe van 3.3.2.5 bevat wat die Agent in die Agentskapsooreenkoms wil insluit.

- 3.4 Andersins, waar die instelling direk aan die Uitlener 'n staat sal stuur, hoof die staat waarna in 3.3.2 verwys word slegs die volgende weer te gee -
- 3.4.1 die Uitlener se sluitingsaldo by die instelling soos op die datum van daardie staat;
 - 3.4.2 'n verklaring ten effekte dat die belegging vir die duur van daardie maand by die instelling gehou is; en
 - 3.4.3 'n verklaring dat die instelling die inligting wat kragtens 3.3.2.1 to 3.3.2.5. vereis word direk aan die Uitlener sal stuur.

4. Erkennings en Ondernemings deur die Uitlener

- 4.1 Die Uitlener erken dat:
- 4.1.1 die Agent as sy agent optree;
 - 4.1.2 hy, behalwe insoverre hy regtens 'n verhaalsreg teen die Agent mag hê, alle risiko's verbonde aan die administrasie deur die Agent van die fondse wat aan hom deur die Uitlener toevertrou is, asook die verantwoordelikheid om te verseker dat die Agent uitvoering gee aan sy opdragte soos in hierdie agentskapssooreenkoms te boek gestel en enige wysigings daaraan soos skriftelik deur die partye hierby aangegaan, aanvaar;
 - 4.1.3 nóg die JE nóg die Agent sal hoegenaamd vir enige verpligtings van die bank waarmee die Agent 'n geldmakelarytransaksie ten behoeve van die Uitlener aangegaan het, aanspreeklik gehou word; en
 - 4.1.4 hy bewus daarvan is dat die Agent, vir doeleindes van 'n geldmakelarytransaksie alleenlik, die Uitlener se fondse met die fondse van ander Uitleners wat deur die Agent verteenwoordig word, mag verpoel.
- 4.2 Die Uitlener onderneem dat:
- 4.2.1 sonder die vooraf verkreë skriftelike toestemming van die bank waarmee die Agent 'n geldmakelarytransaksie aangegaan het, die Uitlener nie 'n vaste deposito aan sodanige bank voor die verstryking van die vaste tydperk of finale datum wat in die deposito gespesifiseer is, sal onttrek nie;
 - 4.2.2 benewens die Agent se onderneming ingevolge 3.3.2, *hy vereis/hy nie vereis dat die Agent hom onverwyld skriftelik in kennis moet stel *nie van die aangaan met hom van 'n geldmakelarytransaksie en enige veranderings aan onderstaande besonderhede in die geldmakelarytransaksies wat die Agent ten behoeve van die Uitlener aangegaan het, naamlik -

**

4.2.2.1 'n verandering van die bank waaraan die Uitlener se geld geleen is

4.2.2.2 'n verandering in die rentekoers wat deur die bank as lener van die Uitlener se lening betaalbaar is

4.2.2.3 besonderhede van deposito's en onttrekkings deur die Agent ten behoeve van die Uitlener gemaak;

*(Nota: skrap wat nie van toepassing is nie)

** (Nota: merk die verandering waarvan die Uitlener in kennis gestel moet word)

4.2.3 hy alle state wat ingevolge 3.3.2 hierbo aan hom gelewer moet word, sorgvuldig sal deurlees en sal oorweeg en dat hy die Agent onverwyld skriftelik in kennis sal stel van enige geldmakelarytransaksie waarvan hy wil onttrek of wat hy beëindig wil hê sodra die Agent regtens sodanige onttrekking of beëindiging kan teweegbring; en

4.2.4 hy die Agent onverwyld skriftelik in kennis sal stel indien daar enigiets in enige stelling is waarna in 4.2.3. verwys word wat hy nie verstaan nie of wat hy meen foutief is en voorts die Agent dienooreenkomstig in kennis sal stel indien hy in enige maand nie 'n staat voor of op die 15de dag van die maand ontvang nie ten einde die Agent in staat te stel om lewering van die vermiste staat aan hom te verseker. Indien die Uitlener nie 'n bevredigende verduideliking in antwoord op die Uitlener se kennisgewing aan die Agent, soos bovermeld, van die Agent ontvang nie, moet die Uitlener binne 'n redelike tydperk die Hoofbestuurder (Administrasie) van die JE van sodanige gebrek aan 'n bevredigende verduideliking in kennis stel en terselfdertyd aan die Hoofbestuurder (Administrasie) van die JE 'n afskrif van die tersaaklike verduidelikings en korrespondensie lewer.

5. Vergoeding van Agent

As vergoeding vir die dienste wat ingevolge hierdie kontrak deur die Agent aan die Uitlener gelewer staan te word, sal die Uitlener aan die Agent òf:

5.1 die bedrag bereken ooreenkomstig die bylae gemerk "A" wat hierby aangeheg is, betaal; òf

5.2 by gebrek aan sodanige bylae of ander skriftelike ooreenkoms tussen die partye, 'n billike en redelike vergoeding betaal.

6. Domicilium Citandi et Executandi

6.1 Elkeen van die partye hierby kies *domicilium citandi et executandi* vir doeleindes van hierdie kontrak en waar alle kennisgewings en prosesse bestel kan word as volg:

Uitlener:

Adres:

Telefaksnr.:

Telefoonnr.:

Agent:

Adres:

Telefaksnr.:

Telefoonnr.:

6.2 Elkeen van die partye hierby mag enige van bostaande besonderhede deur skriftelike kennisgewing aan die ander gelewer, verander.

7. Volledige Kontrak

Hierdie dokument bevat die volle memorandum van die agentskapsooreenkoms tussen die partye. Geen waarborg, voorwendsel of term wat nie hierin bevat is nie, sal vir die partye bindend wees nie. Geen verandering, wysiging of iets dergeliks of konsensuele intrekking van hierdie ooreenkoms sal bindend wees tensy op skrif gestel en deur of ten behoewe van die partye geteken nie.

Gedateer te hierdie dag van 199

As getuies:

.....

Uitlener

1.

2.

Gedateer te hierdie dag van 199

As getuies:

.....

Agent

1.

2.